



Oosies

NUUSBRIEF

2026

WERK EN OORWIN

Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit

#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

30/2026

3 September 2026

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers en Voogde

Uitnemendheid is nooit die werk van een persoon of een groep alleen nie. Dit word gebou wanneer 'n skoolgemeenskap hande vat – wanneer ouers, personeel en leerders saamwerk met 'n gemeenskaplike doel voor oë en elkeen sy of haar deel doen om ons skool sterker te maak. Ons gaan nie altyd oor alles saamstem nie en daar sal altyd uitdagings wees, maar die manier waarop ons dit saam aanpak, maak die verskil. Ons wil bou eerder as afbreek, oplossings soek en saamwerk aan 'n skool en gemeenskap waarop ons almal trots kan wees. Aan ons ouers wat die skool positief ondersteun, 'n goeie woord spreek, ons personeel aanmoedig en bereid is om saam met ons oplossings te vind – baie dankie. Julle ondersteuning beteken meer as wat julle dalk besef.

Ons het baie om op trots te wees en ons Oosies het die afgelope tyd weer op soveel verskillende terreine uitgeblink.

Ons All Stars het 'n fantastiese derde plek tydens die Kaleidoscope-finaal behaal. Wat 'n skouspel van sang en dans! Wanneer 'n mens na 'n optrede soos hierdie kyk, is dit maklik om net die eindproduk te sien, maar daar lê ure en ure se oefening, harde werk en opoffering agter.

Ons dogterskrieketspan het hul eerste wedstryd op 'n hoë noot begin en Hoërskool Tuine met 54 lopies geklop. Ons sien uit daarna om julle seisoen dop te hou. By die NWU Gemengde Afloskampioenskappe op 22 Augustus het ons landloopatlete ook hul staal gewys. Die gemengde aflosspan het 'n uitstekende eerste plek behaal en is as kampioene gekroon! Ons dogterspan het agtste geëindig en die seunspan sewentiende. Ons is ook besonder trots op Miané van Dyk en Elrie Smit, wat uitgenooi is om die Suid-Afrikaanse o.18 Vroue Nasionale Sagtebalspan van Softball South Africa te verteenwoordig by die Region 5 U18 Vroue Sagtebaltoernooi in Gaborone, Botswana. Telana Breytenbach is as nie-reisende reserwe tot die span verkies – 'n puik prestasie! 'n Spesiale gelukwensing gaan ook aan me. Mathilda Marais, ons eerstespan-afrigter, wat as een van die hoofafrigters van die nasionale span aangewys is. Wat 'n besondere eer! Ons Oosie-gemeenskap is trots op julle.

Oosies help waar hulle kan en dit is vir ons verblydend om te sien wanneer ons leerders buite ons eie skoolomgewing 'n verskil maak. Van ons Gasvryheidstudies- en Verbruikerstudies-leerders het Vrydagaand, 28 Augustus, by Laerskool Pierneef se fondsinsamelingsfunksie gaan hand bysit. Hulle kon die vaardighede wat hulle by ons eie Bonne Cuisine-restaurant slyp, daar in die praktyk gaan toepas. Dankie aan ons leerders wat altyd bereid is om moue op te rol en te help waar hulle kan. Hierdie gesindheid van diensbaarheid maak ons trots.

Ons is opgewonde is dankbaar vir ons ouers wat die skool ondersteun. Ons wil graag 'n besondere woord van dank rig aan mnr. Christo Potas, een van ons ouers, wat drie sekuriteitskameras aan die skool geskenk en dit by die Hertzogstraat-ingang geïnstalleer het. Die kameras vorm deel van ons voortdurende pogings om die veiligheid en sekuriteit op en rondom ons skoolterrein verder te verbeter. 'n Veilige skoolomgewing bly vir ons 'n belangrike prioriteit, en ondersteuning soos hierdie maak 'n waardevolle verskil. Baie dankie, mnr. Potas, vir u ruim bydrae, u tyd en die moeite wat u met die installasie gedoen het. Dit is juis deur hierdie soort betrokkenheid en samewerking dat ons saam verder bou aan 'n veilige en sterk Oos-Moot-gemeenskap.

Terwyl daar baie is om te vier, wil ons ook graag 'n paar belangrike sake onder ons ouers se aandag bring. Dit gaan veral oor die beskerming van ons leerders se akademiese tyd, die effektiewe verloop van die skooldag en die verantwoordelikheid wat ons graag by ons leerders wil vestig.

Elke skooldag tel en ons is toenemend bekommerd oor die aantal leerders wat afwesig is of gedurende die skooldag vroeg uitgeteken word. Hoewel ons verstaan dat daar soms geldige redes hiervoor is, raak gereelde afwesigheid en vroeë uittekening 'n leerder se akademiese tyd direk. 'n Periode wat gemis word, is nie bloot werk wat later uit 'n handboek ingehaal kan word nie. Leerders mis verduidelikings, klasgesprekke, praktiese toepassing, assesserings en waardevolle ondersteuning van hul onderwysers. Wanneer dit gereeld gebeur, bou die akademiese agterstand vinnig op. Ons vra daarom ernstig dat ouers ons hiermee sal help deur seker te maak dat leerders elke dag en betyds by die skool is, afwesighede tot werklik noodsaaklike gevalle beperk en vroeë uittekening gedurende die skooldag tot die absolute minimum beperk. Waar 'n leerder wel om 'n geldige rede gedurende skoolure moet vertrek, sal die skool streng by die voorgeskrewe uittekenprosedure hou. Ons vra ouers se begrip en samewerking hiermee. Hierdie prosedure is daar om ons leerders te beskerm en om te verseker dat ons te alle tye kan verantwoord waar ons leerders is. Indien daar besondere omstandighede is wat u kind se gereelde skoolbywoning beïnvloed, kontak gerus die skool sodat ons dit saam kan bespreek.

Ons vra ook ouers se samewerking ten opsigte van pakkies en afleverings wat gedurende skoolure vir leerders by die skool afgegee word. Deel van grootword is om verantwoordelikheid vir jou eie skooldag te leer neem. Ons wil daarom ons leerders aanmoedig om vooraf seker te maak dat hul kospakkies, boeke, skryfbehoeftes, sportklere en ander benodighede saam skool toe gebring word. Ons versoek ouers om asseblief nie pakkies vir leerders by die skool se ontvangs af te gee of afleveringsdienste te gebruik om items gedurende skoolure by die skool te laat aflewer nie.

Ons leerders se akademiese tyd en ons personeel se produktiwiteit word hoog geag. Leerders sal nie gedurende lesure uit klasse geroep word om pakkies of afleverings te ontvang nie. Ons administratiewe personeel kan ook nie verantwoordelikheid aanvaar vir die ontvangs, bewaring en verspreiding van persoonlike items aan leerders nie. Ons verstaan dat daar soms 'n werklike noodgeval of buitengewone omstandigheid kan wees en sulke gevalle sal natuurlik met die nodige diskresie hanteer word. Ons vra egter dat gewone, nie-dringende afleverings nie deur die skool se ontvangs gefasiliteer word nie. Deur vooruit te beplan, beskerm ons onderrigtyd, beperk ons onnodige onderbrekings en leer ons terselfdertyd ons kinders om verantwoordelikheid vir hul eie beplanning en verpligtinge te neem.

Ons wil ouers ook vroegtydig bewus maak van 'n situasie wat gedurende die graad 12 nasientydperk 'n invloed op ons personeelbeskikbaarheid sal hê. Die Departement van Onderwys vereis dat graad 12-Lewensoriëntering-onderwysers uit klasse onttrek moet word om by die nasien van die eindeksamenvraestelle betrokke te wees. Dit beteken dat verskeie van ons personeellede gedurende hierdie tydperk nie by die skool beskikbaar sal wees nie. Dit is 'n departementele verpligting en die skool sal die nodige interne reëlins tref om die akademiese program so normaal en doeltreffend moontlik te laat voortgaan. Ons vra egter ouers se begrip indien sekere aanpassings gedurende hierdie tyd nodig sou wees.

Ten slotte wil ons weer baie dankie sê aan ons ouers. Dankie vir elke positiewe boodskap, elke keer wat julle ons personeel ondersteun, elke keer wat julle by 'n skoolaktiwiteit opdaag en elke keer wat julle bereid is om saam met ons na die beste oplossing vir ons kinders te soek. Ons waardeer ook die ouers wat op praktiese maniere inspring en hul tyd, kundigheid en hulpbronne tot voordeel van die skool beskikbaar stel. Elke bydrae – groot of klein – help om Oos-Moot sterker te maak. 'n Sterk skoolgemeenskap word nie deur een persoon of een groep gebou nie. Dit gebeur wanneer ouers, personeel en leerders hande vat, verantwoordelikheid neem, positief bly en saamwerk met dieselfde doel voor oë: om vir ons kinders die beste moontlike skoolomgewing te skep.

Dankie dat julle saam met ons aan Oos-Moot bou.

Vriendelike groete

Me S Theron

HOOF

ALGEMEEN**Belangrike datums en kontakbesonderhede**

- 4 Sept. • Lentedag (gewone klere)
 • Gr.8's 2027 aanlyn registrasie sluit
 • **Skool verdaag 12:30**
- 5 Sept. Netbal Legendsdag
 11 Sept. Herregistrasie van huidige leerders sluit
 16 Sept. FOTODAG 3
 22Sept. ATKV Talentaand
 23 Sept. Skool sluit
 26 Sept. Moot Film-bekendstelling (by Oos-Moot)

Skool verdaag vroeg op 4 September

Neem asseblief kennis dat Hoërskool Oos-Moot op Vrydag, **4 September 2026, om 12:30** sal verdaag.

Verskeie buitekurrikulêre aktiwiteite vind Vrydag plaas waarby 'n groot aantal van ons leerders en personeellede betrokke is. Om die nodige reëlins hiervoor moontlik te maak, sal die skooldag dus vroeër eindig.

Akademie tyd

DAG 3 se Periode 7 en 8 (die laaste twee periodes van die dag) sal gevolglik nie Vrydag plaasvind nie. Hierdie twee periodes sal aan die einde van DAG 5 op Dinsdag, 8 September 2026, ingewerk word. Leerders sal dus steeds die akademiese tyd vir hierdie periodes ontvang.

Detensie

Neem asseblief verder kennis dat detensie op Vrydag, 4 September, van 12:45 tot 14:45 sal plaasvind.

Ons versoek ouers om asseblief kennis te neem van die vroeër verdagting en die nodige vervoerreëlins vir hul kinders te tref.

Herregistrasie van huidige leerders

Dit is tyd vir die **jaarlikse herregistrasie van ons huidige leerders vir 2027**, soos vereis deur die Departement van Onderwys. Herregistrasie is belangrik om u kind se plek vir die komende skooljaar te verseker.

- Herregistrasies sluit op **11 September**.
- Enige tegniese probleme sal aan d6 gerapporteer word.

Navrae: **F. Gratz** – admin@oos-moot.co.za

Gr.8's 2027: Aanlyn registrasies

Die aanlyn registrasies vir 2027 sluit:

Datum : 4 September 2026

Besoek die skool se [webwerf](https://www.oos-moot.co.za) (<https://www.oos-moot.co.za>) vir die volledige inligting.

AKADEMIE

Belangrik: Tot **19 September** sal daar ook **elke Woensdag**, per vak, verpligte akademiese uur wees.

SPORT**ATLETIEK**

Atlete neem deel aan voorseisoenbyeenkomste.

Datum : 4 September
 Byeenkoms : Noordheuwel
 Busse vertrek om 12:30 vanaf die skool.

KULTUUR**MNR EN MEJ OOS-MOOT 2027**

Ons nooi graag alle graad 10- en 11-leerders uit om in te skryf vir Mnr en Mej Oos-Moot 2027:

Datum open : 1 September
 Sluitingsdatum : 18 September.
 Inskrywingsfooi : R50 pp (finansies-kantoor)

Betaalbaar : 1 tot 23 September.
 Indien die inskrywingsfooi nie betaal word nie, word die inskrywing nie in ag geneem nie.

Google Form vir inskrywing:

<https://forms.gle/xVtoC9cbYNTPhonP9>

Uitdunne vind soos volg plaas:

Eerste Rondte:

- **Woensdag, 7 Oktober: Dogters** – 14:15 – 18:00
- **Donderdag, 8 Oktober: Seuns** – 14:15 – 18:00
- **Kleredrag:** Skoolklere
- **Lokaal:** Restaurant

Tweede Rondte:

- **Maandag, 12 Oktober: Finale Uitdunne** – 14:15-18:00
- **Kleredrag:** Gewone klere
- **Lokaal:** Restaurant

ATKV TALENTAAND

Datum : 22 September 2026.
 Tyd : 18:00 vir 18:30.
 Plek : Skoolsaal.

Kaartjies: R80.00 per persoon, beskikbaar op die Blou Rak. Kaartjieverkope open 31 Augustus 2026

BUITEPRESTASIES

(Prestasies buite skoolverband)

Vir die aanmeld van die onderskeie buiteprestasies kliek op die spesifieke skakel.

SPORT

<https://forms.gle/FZeBTdsxmBPfT7Xp8>



Oosies
 BUITEPRESTASIE: KULTUUR

KULTUUR

<https://forms.gle/Xwi9KdgBdTYZL8ARA>



PROJEKTE

PVM PRODUKTE

PVM-produkte nou by Oos-Moot beskikbaar!

Bestellings

- Voltooi die [bestelvorm](#).
- Stuur die voltooide vorm en navrae per e-pos na: pieterses@oos-moot.co.za

PASTEIE

Bestel die heerlikste pasteie. Om te bestel en te betaal volg asseblief die skakel:

<https://store.sticitt.co.za/oosiesdieblourak>

NUUSBRIEFADVERTENSIES

Adverteer in ons skool se nuusbrief. Kostas en volledige inligting by die [skakel](#) beskikbaar of kontak me C Meyer (bemark) by bemark@oos-moot.co.za.



<https://tickets.tixsa.co.za/event/film-premiere-die-moot>

Waverley

Wiskunde & Wetenskap

Sentrum

Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.

- Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
- Rekeningkunde graad 8 tot 12.
- Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
- Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
- Career Direct: Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding

Aanvullende onderrig + Beroeps

- & Vakkeuse toetsing

Marina Stander - 083 259 8913



PLANTCARE SERVICES BIED:

- Binnenshuise plant-installering en -instandhouding
- Tuinontwerp en besproeiing
- Plantdekorverhuurings
- Weeklikse versorging

Tel: 072 500 2889 / 072 080 7540

Besoek www.plantcareservices.co.za vir meer inligting. Stuur 'n e-pos na info@plantcareservices.co.za of plantc@mweb.co.za

Wiskunde en
WETENSKAP
HULPBRONNE

- ✓ Flitskaarte
- ✓ Teorieboek
- ✓ Vraestelle

Alles wat jy nodig het om 'n
SUKSES van jou studies te maak!

Teen 'n Koste van:
R330!!

www.wenwetenskap.co.za

<https://www.wenwetenskap.co.za>